# NUUS Krummels



## "Het jy my lief?"

Lourensrivier-Strand

OORGEE OMGEE AANGEE

Gelowiges. Inc.

23 April '26

# Voorbidding

BID sonder ophou

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Esmarie Terblance
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Anton le Roux
- Die de Beer familie
- Annaleen Volschenk
- Detlev Traut
- Coenie Baard
- Elaine Berning
- Ella Schneider
- Danie Volschenk
- Sarie Visser
- Gerda de Villiers
- Die Wessels familie - Mia-Miri(6)
- Yvonne Horn
- Miranda Beukes
- Myna en Vollie Volschenk
- Gerhard le Roux

Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.
Elke Sondag
08:30 - 08:55

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 23 October - 7 November ‘26

**Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?**

**Ons is opsoek na uitstallers wat Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte, asook Unieke Items maak om by ons Mark uit te stal.**



**Aansoeke sluit: 30 Mei**
**Keuringsdag: 30 Mei**

Vir ‘n aansoekvorm,
stuur gerus ‘n e-pos na:
lourensrivierfeesmark@gmail.com
of gaan na ons webblad en laai al die nodige dokumente af

Skakel gerus die Kerkkantoor vir meer inligting:
021 853 5991

# Vrae wat die Here vra

**“Waar is jy?”** - sien 19 Maart ‘26
**“Wil jy gesond word?”** / **“Wat soek julle?” -** sien 26 Maart ‘26
**“Waarom maak julle dit vir die vrou moeilik?”** / **“Waarom is julle bang?”**- sien 9 April ‘26
**“Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?” / “Wil julle nie ook weggaan nie?” / “Maar sal die Seun van die mens by Sy koms nog geloof op die aarde vind?”** - sien 16 April ‘26

**“Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?”** (Joh. 13:12) So vra Jesus by die Paasfees-tafel vir sy dissipels nadat Hy die ongewone ding gedoen het om hulle voete te was. Verstaan hulle dat Hy gekom het om te dien, dat Hy homself nie so belangrik ag, dat Hy nie bereid is om sy bokleed uit te trek en sy handdoek as voorskoot om te bind en sy volgelinge se voete te was nie. Verstaan hulle dat Hy Sy Goddelike bestaan prysgegee het om ’n mens tussen mense te word, om die pad van vernedering, gehoorsaam enduit te loop tot by die kruis. (soos wat ons lees in Fil. 2:6-8). As Jesus vandag op hierdie donker, benoude, bebloede, verlate, verguisde, verbryselde, mishandelde, deurboorde, kruisiging-Vrydag vir ons sou vra: “Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?”, sou jy “ja” kon antwoord? Verstaan jy dat al die lyding en verwerping en pyn wat Jesus moes verduur namens jóú was? Verstaan jy dat ál jou sonde daar op die kruis op Hóm afgekom het, dat Hy gesterf het in jóú plek? Dat Hy jou sondeskuld-rekening betaal het deur dit aan die kruis vas te spyker? Dat Hy jou sondelas op Hóm geneem het? Verstaan jy dat jy nou vry, vergewe, skoon en kwytgeskeld is, dat daar geen veroordeling meer is vir jou nie, dat jy nou die reg het om God se kind genoem te word, dat daar vir jou genesing gekom het deur Sy wonde? Verstaan jy dat jy nou die ewige lewe het? Verstaan jy wat Hy vir jou gedoen het en glo jy dat dit vir jóú persoonlik is? As jou antwoord “ja” is, dan sal jy ook verstaan hoekom hierdie Vrydag ’n “Goeie” Vrydag geword het. “Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.” (Jes. 53:5) Verstaan jy wat Hy vir jou gedoen het?

“**Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?”** (Luk. 24:17) Op die dag van Sy opstanding verskyn Jesus aan twee dissipels wat op pad is na Emmaus. Hulle was hartseer en ontnugter oor die veroordeling en dood van hulle Leermeester en het oor al dié dinge wat gebeur het geloop en praat. Hulle was ook ontsteld oor die stories dat Jesus uit die dood opgestaan het, omdat hulle dit glad nie verstaan het nie. Jesus kom nader, stap saam met hulle en vra: wat bespreek julle so ernstig? What are you talking about, so sad and gloomy? (volgens The Passion Translation) Net daar en dan pak hulle alles uit wat hulle so pla en waaroor hulle wonder en wat hulle so somber en terneergedruk maak. Weet jy, Jesus hét opgestaan, Hy leef en Hy val vandag ook daar langs jou in op jou lewenspad om uit te vind waaroor jy praat, waaroor jy kla, waaroor jy bekommerd is, wat jy nie verstaan nie, wat nie vir jou sin maak nie, wat vir jou onmoontlik lyk. Jy kan, nes die Emmausgangers, jou hart uitpak en uitpraat teenoor Jesus. Dan sal Hy, soos vir hulle, die Skrif oopmaak en sy woord laat lewe kry, dan sal jy antwoorde vind, rustigheid kry en tevredenheid ervaar. “Moenie oor dinge sit en tob of jou bekommer nie. Gaan praat met God daaroor. Bespreek dit met Hom. Vertel Hom hoe jy daaroor voel. Sê dan vir Hom dankie dat jy met Hom daaroor kan praat en dat Hy die beste weet. Jy sal dan verlig en tevrede voel. Jy sal hierdie verligte gevoel nie altyd kan verklaar of wetenskaplik kan uitlê nie. Omdat jy egter weet dat jy aan Jesus behoort, sal jy nie meer omgekrap voel nie.” (Fil. 4:6, Die Boodskap) “Hulle sê toe vir mekaar: Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?” (Luk. 24:32)

**“Het jy my lief?”** So het Jesus drie maal vir Petrus gevra in Joh. 21:15-17. Toe ek vandag oor dié vraag gedink het en gewonder het wat ék sou antwoord as Jesus dit vir my sou vra, het ek gedink dat ek, nes Petrus, dadelik sou sê: “Ja, Here, U weet dat ek U lief het.” Dis mos logies. Dis kan mos nie anders nie. Hy het my lief en ek het Hom lief. Hy het my eerste liefgehad en daarom het ek Hom lief. Hy het sy lewe vir my afgelê, daarom het ek Hom lief. Hy het al die antwoorde en die woorde wat lewe gee, daarom het ek Hom lief. Hy ken my, daarom het ek Hom lief. Hy versorg, beskerm en help my, daarom het ek Hom lief. Uitgemaakte saak. Daai ou-ou liedjie sê mos: Jesus loves me, this I know… Ons sing egter hierdie mooi versie ook by: I love Jesus, does He know? Have I ever told Him so? Jesus loves to hear me say, that I love Him every day. Hy wil ook uit jou mond hoor dat jy Hom lief het. Hy wil ook hoor dat jy voor ander sê dat jy Hom lief het. En ja, ons weet tog dat liefde nooit net lippetaal is nie. Dit moet in aksie kom. Dit moet in dade oorgaan. Liefde sonder dade om dit te bewys is nie liefde nie. Ek dink ons liefde vir Hom het drie fasette: volg Hom, vertrou Hom, gehoorsaam Hom. Dit begin met ’n keuse vír Hom, dit behels ’n neerlê van jou eie begeertes, jou eie ambisie, sodat niks belangriker is as Hy nie, sodat jy net oë het vir Hóm. As ek Hom lief het, kan en sal ek Hom vertrou met alles en vir alles. "Om God lief te hê, beteken om Sy opdragte ernstig op te neem en uit te voer". (1 Joh. 5:3) As ons sê dat ons Hom lief het, moet ons doen wat Hy sê. Dit is ongelukkig só dat as ons die Here Jesus lief het, moet ons ook sy ander kinders liefhê, al is dit moeilik, al wil ons nie, al soek ons allerlei verskonings om dit nié te doen nie. Petrus het vantevore sy liefdes-toets gedop toe Hy Jesus verloën het en selfs gevloek het en gesweer het dat hy Hom nie ken nie. En ek - hoe diep lê my liefde? Hoe gou kwyn dit as daar moeilikheid opdaag? Hoe maklik weier ek om ander lief te hê? Hoe gou stel ek iets anders bo my Groot Liefde? Ongelukkig moet ek bely dat ek knaend my liefdes-toets dop. Petrus het weer ’n kans toe Jesus hom drie maal vra: Het jy my baie lief? “Ja, Here, U weet dat ek U lief het.” Vanaand het ek en jy ook weer ’n kans. Wat is jou antwoord?

**“Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?”** (Luk. 10:26) “Julle het tog al in die Skrif gelees...” (Matt. 21:42) Wat lees jy daar in jou Bybel? Dis wat Jesus vir ons ook kan vra. Ons wonder tog so baie kere wat is sy wil? Is iets reg of verkeerd? Mag ek dit of dat doen? Hoe moet ek in die of daai situasie optree? Jesus stuur die wetgeleerdes terug na die wet om antwoorde te vind. Hy stuur sy volgelinge terug na die Skrif vir insig en om situasies te beoordeel. Wat lees jy daar in jou Bybel? Of dalk kan die Here vandag vir ons vra: lees jy jou Bybel? Glo jy wat jy lees?

Laat jy toe dat dit jou lewe beïnvloed? Maak ons staat op die inhoud om vir ons die koers aan te dui en vir ons antwoorde vir elke situasie te gee, of volg ons ons eie kop, of ander se raad? Daar is báie geestelik boeke en báie geestelike stukkies op Facebook en jy kan vir enige geestelike vraag ’n antwoord op Google kry, maar al daai inligting moet getoets word en geweeg word teenoor die Bybel. So, wat lees jy daar in jou Bybel? “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek.” (2 Tim 3:16) En natuurlik, die heel belangrikste is dat die Bybel vir ons die pad van redding en verlossing deur Jesus Christus leer, vir ons die pad na ewige lewe wys. Jy kan dit daar lees, maar gló jy dit? “Ek kan nie glo julle geloof is so klein nie. Hoekom glo julle nie wat God se boodskapper in die Bybel sê nie?” (Luk. 24:25, Die Boodskap)


Lees en glo jy die Bybel selektief of aanvaar jy alles as God se Woord en van toepassing in jou lewe vandag? Kyk net hoe mooi sê Ps. 19: die Woord dui die regte koers aan, dit bring blydskap, gee insig, staan altyd vas, is kosbaarder as goud, soeter as heuning. “Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning.” (Ps. 19:12)

**“Wat raas en huil julle so?”** (Mark. 5:39) In ander vertalings klink die vers só: Vir wat gaan julle so te kere? (Die Boodskap) Why all this confusion? Why are you crying? (GNB) Why are you making a commotion and weeping? (ESV) Jesus praat hier met die roubeklaers voor Jairus se huis waar sy dogtertjie gesterf het. Dis nie vir hulle nodig om te rou nie, want daar is ’n groter prentjie wat hulle nog nie raaksien nie. Kom ons dink ’n bietjie oor dié tye en situasies in ons lewe waar ons raas en huil en te kere gaan en ontsteld en vies is as ons voel dinge is buite beheer. Daai geleenthede waar ons ’n “scene” maak as dinge skeef loop, paniekerig rondtas as ons iets verloor of iets moet prysgee, uitbars in trane as ons teleurgestel word, ineenstort van verdriet wanneer ons slegte nuus kry.

Wat raas en huil julle so, kan Jesus sekerlik vir ons ook vra. Ons hét mos hoop, ons hét mos die Here aan ons kant, ons wéét mos alles (goed en sleg) sal ten goede meewerk, ons wéét mos ons is nie alleen nie, ons wéét mos waar ons hulp vandaan kom, ons wéét mos ons is tot alles in staat deur Hom wat vir ons krag gee, ons weet mos Hy droog al die trane af, ons wéét mos Hy is in beheer en daar ís ’n groter, Goddelike prentjie. Dis natuurlik nie te sê dat ons nie mag huil en treur, hartseer of bekommerd wees nie. Dis menslik en ons mag. Jesus misken ook nie ons hartseer en trane nie! Maar ons moenie met ons gehuil en geraas só op ons hartseer fokus dat ons, soos die roubeklaers in Mark 5, mis dat Jesus opdaag, dat Hy ’n plan het, dat ’n wonderwerk op die punt is om te gebeur nie. Ek dink daaraan dat Jesus self in die tuin van Getsemane doodsbenoud was en bloed gesweet het.

Maar hoe het Hy dit hanteer? Hy het gebid, op sy vriende se ondersteuning staatgemaak, weer en weer gebid en toe gelate oorgegee omdat Hy geweet het dat sy Vader se wil nou verder sal geskied. Ons is nie bekommerd soos mense wat nie ’n goeie uitkoms verwag nie, ons nie bang soos mense wat nie weet waar hulle hulp en vertroosting vandaan kom nie, ons treur nie soos mense sonder hoop nie (lees 1 Tess. 4:13) Ons kan kalmeer en rustig word - Jesus is hier! “Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo.”(Mark. 9:36)

Met toestemming ~ www.heuning.co.za - Wilna Botha



## Die Oorsprong van Pinkster

Die woord “Pinkster” kom van die Grieks en beteken 50 dae, maar dit verwys na die Joodse fees genaamd Shavuot, wat “week” of “sewe” beteken. Hierdie terme verwys na die feit dat hierdie fees, die tweede van Israel se drie heilige fees seisoene, plaasvind ná ’n week van weke—of sewe weke ná Pasga—en gevier word op die dag daarna, die 50ste dag.

Shavuot is ’n oesfees en dui op die tyd toe Israel uit Egipte getrek het (’n reis van 10 dae) en nog 40 dae aan die voet van die berg Sinai gewag het vir Moses om af te kom en vir hulle die Wet te gee. Dit is ’n somerfees en val saam met die koringoes. Shavuot (Pasga) is gevier met die offer van nuwe graan en ’n beweegoffer van twee brode. In die Nuwe Testament is die Heilige Gees uitgestort op die eerste gelowiges op die dag van Pinkster, wat 50 dae ná Jesus se kruisiging as ons Paaslam plaasgevind het.

Terwyl ons voorberei om Pinkster te vier, is dit goed om hierdie beelde in gedagte te hou: die gee van die Wet, die graanoes, die offers en die uitstorting van die Heilige Gees. Die Jode tel die Omer, wat ’n letterlike en mondelinge tel van elk van die 49 dae voor Shavuot is. Dit is hul manier om vir Pinkster voor te berei.

Vandag kan ons onsself voorberei vir nog ’n Pinkster deur die dae te tel en met verwagting uit te sien na hierdie fees—met die hoop om opnuut van die Here te ontvang. Wat verwag jy van die Here? ’n Vars openbaring van Homself, ’n oes van seëninge of ’n nuwe uitstorting van Sy Heilige Gees? Berei jou voor vir Pinkster!

Skrifgedeelte Levitikus 23:15–17

# Pinkster '26

## Ons benodig asb. weer warm potte sop en broodjies tydens ons Aanddienste

## 18, 19, 20 en 21 Mei

**Skakel asb. vir Bernice tydens Kerkkantoorure en laat weet waar jy kan help: 021 853 5991**

ORGEE OMGEE AANGEE

Lourensrivier-Strand

# Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS kom op

**Donderdag 7 Mei 2026 om 09:50 by die NG Omgeegemeente (Moederkerk} in Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.**

**Danie Pienaar kom gesels met ons by hierdie geleentheid oor die geskiedenis van die Strand. Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09h:15.**

**Almal welkom.**
**Bywoningsgelde vir lede: R20/besoekers: R30**

**Vir meer inligting - skakel asb. vir Naas du Preez**
**027 82 804 1729 | E-pos: ndupreez022@telkomsa.net**



# 16-18 Oktober '26

Save the Date · Save the Date · Save the Date ·

**Gemeente Kamp!**

**Almal is baie welkom! Skakel asb. die kerkkantoor indienjy belangstel om saam te kamp**

**Kampterrein:** Khomeesdrift buite Riviersonderend
**Karavane:** Ja
**Krag:** Nee

Lourensrivier-Strand

# Snuffel MARK



## 29/04/'26 @ 11:30 IN THE CHURCH HALL

**021 853 5991 for more information**

Lourensrivier-Strand

# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening



## Winterwarm in Julie



Vir hierdie projek benodig ons asb. die volgende:
***Musies, Serpe en Komberse***
Of jy dit self maak, of self koop,
dit maak nie saak nie.

*Alle donasies kan by die Kerkkantoor afgelewer word of Sondae in die boks gelos word voor in die portaal*

*Ons wil graag dankie sê vir al die besige hande wat vir ons mussies hekel/brei.*

## EVANGELISM EXPLOSION

### DEEL JOU GELOOF

### Evangelie Getuienis Seminaar

**Prakties! Effektief! Dinamies!**

'n 'Handige' benadering om vriendskappe te bou, die GOEIE NUUS te deel ...en jou geloofsgemeenskap te help groei...

Leer verstaan en deel die verlossingsboodskap van Jesus eenvoudig, vrymoedig, kort en kragtig met geliefdes en vriende – maak 'n ewigheidsverskil!

**Lourensrivier NG Kerk**

**H/v Broadway Blvd & Da Gamastrate, Strand**

**Saterdag 9 Mei 2026 08.00–13.00**

Semiaarfooi: Persoonlike liefdesoffer, opwindende seminaar-, uitreikmateriaal & verversings

Bevestig asb. jou en vriende se plekke nie later nie as Wo. 6 Mei. by


**Retha 072 510 8808**

Gelowiges en vriende van alle gemeenskappe is hartlik welkom

***Strand Dienssentrumis tans besig met 'n spesiale fondsinsamelingsinisiatief: Adopt a Granny or Grandpa.***

Met hierdie projek wil hulle uitreik na kwesbare bejaardes in die Strand-omgewing. Die fondse wat ingesamel word, word aangewend om ondersteuning te bied in die vorm van warm etes en basiese versorging – om hoop te bring en verligting te gee in die daaglikse uitdagings wat baie van ons bejaardes ervaar.

Die organisasie beskik oor 'n PBO-nommer, en 'n Artikel 18A-sertifikaat kan uitgereik word vir alle finansiële bydraes.



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™ pay with MasterCard VISA and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**
https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za

Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

## ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

Shop Local


MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

SECURE SE
www.securese.co.za

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
www.camlivevision.co.za
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Blue Crane Funerals
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

www.volantraorbital.co.za
VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flamēros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

HELDERBERG
HBP
BUILD & PAINT
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is n gelisensieerde lewensversekeraar, n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid